en Engels. N4: Wiskunde (60%) en Engels  
**Keuring:** Aanlegtoets

**Nota:** Die Potentiality Development Pro-  
gramme is beskikbaar vir studente wie se  
matrieksimbole nie aan die vereiste stan-  
daard voldoen nie. 'n Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating met 'n HG-  
slaagpunt of 'n E-simbool in Wiskunde en  
Natuur- en Skeikunde en 'n slaagpunt in  
Engels, word vir toelating tot die program  
vereis. 1993-inligting

**Gelde:** 1994: R360 per vak per semester

**Waar:** Technikon Skiereiland  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma in Chemiese Inge-  
nieurswese**

**Duur:** 3 jaar voltyds: 24 maande formele  
opleiding en 12 maande toepaslike erva-  
ringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Natuur- en Skeikunde en  
Wiskunde HG (E-simbool) of SG (D-sim-  
bool)

**Keuring:** Akademiese prestasie

**Gelde:** Ongeveer R161 - R393 per vak

**Waar:** Technikon Witwatersrand  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma in Chemiese Inge-  
nieurswese**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en  
Skeikunde HG (E-simbool) of SG (C-sim-  
bool) en 'n slaagpunt in Engels

**Keuring:** Keuringstoets

**Gelde:** Ongeveer R760 per vak p.j. of  
ongeveer R380 per vak per semester

**Waar:** Vaaldriehoekse Technikon  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Chemiese Inge-  
nieurswese**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating met ten minste  
4 vakke op HG of SG (amptelike tale  
ingesluit)

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en  
Skeikunde HG (E-simbool) of SG (D-  
simbool)

**Keuring:** Puntestelsel

**Gelde:** Eerste semester: R2120; tweede  
semester: R2102; derde semester: R2101;  
vierde semester: R250

## **CHIROPRAKTYK**

**Beroep(e):** Chiropraktisyn-in-opleiding

**Persoonlike vereistes:** Fyn waarnemings-  
vermoë, handvaardigheid, simpatiek, takt-  
vol met pasiënte en vermoë om onafhank-  
lik te werk

**Aard van werk:** Manipulasie van dele van  
die liggaam, veral d.m.v. werwelmasering,  
ultraklank en elektriese en hitteterapie. Die  
chiropraktisyn skryf nie medisyne of chir-  
urgie voor nie, maar wel dieet, oefeninge  
e.d.m. Die student kan slegs met 'n Mees-  
tersdiploma in Tegnologie: Chiropraktik,  
'n gekwalifiseerde Chiropraktisyn word

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Chiropraktik**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
met universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-  
simbool) of SG (D-simbool) of Engels  
Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-  
simbool) asook Wiskunde en/of Natuur- en

**Skeikunde**

**Vakke aanbeveel:** Biologie

**Bykomende vereistes:** Kandidate moet ouer as 17 jaar en fiks en gesond wees

**Gelde:** R6200 p.j. (R1485 per vak)

**Waar:** Technikon Witwatersrand

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Chiropraktyk

Chiropraktyk

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalfikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en Skeikunde (D-simbool) of SG (C-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Biologie HG (D-simbool) of SG (C-simbool)

**Keuring:** Toelatingseksamen, persoonlike profiel, persoonlike onderhoud

**Gelde:** R910 per vak p.j.

## DANS

**Beroep(e):** Teaterdanser; Balletdanser

**Persoonlike vereistes:** Korrekte liggaamshouding en temperament, musikaal en vermoë om toneel te speel

**Aard van werk:** Dans gewoonlik vir 'n maatskappy en werksure is lank

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Sertifikaat:** Dans

**Duur:** 1 jaar

**Toetreekwalfikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG. Die vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Bykomende vereistes:** Intermediêre RAD/-Cechetti-standaard

**Keuring:** Oudisie

**Gelde:** R258 - R1540 per vak

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Kontemporêre en Afrikadans

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalfikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG. Die vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Bykomende vereistes:** Aanleg vir dans

**Keuring:** Oudisie

**Gelde:** Eerste jaar: R258 per vak; tweede jaar: R258 - R264 per vak; derde jaar: R272 per vak

## DIEREGESONDHEID

**Beroep(e):** Dieregesondheidstegnikus

**Persoonlike vereistes:** Fisies gesond en fiks, vermoë om met diere sowel as mense te werk, vermoë om met die boeregemeenskap te kommunikeer, fyn waarnemingsvermoë en verantwoordelikheid

**Aard van werk:** Ondersteuningsdiens aan staatsveeartse - dit varieer van streek tot streek, bv. beheer oor die dip van diere, wetstoepassing, identifiseer siektes op 'n vroeë stadium, adviseer boere oor voorkomende maatreëls en ken permitte vir die vervoer van diere toe

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Dieregesondheid

Korrespondensie-kursus;

**Duur:** 3 jaar (praktiese opleiding ingesluit)

**Toetreekwalfikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG (die amptelike tale mag nie op LG wees nie)

**Bykomende vereistes:** Toelating is beperk tot dieregesondheidstegnici wat as voltydse, deelydse of kontrakwerknemers van die Departement van Landbou (RSA); of as werknemers van 'n vergelykbare kategorie van die TBVC-lande en selfregerende state aangestel is

**Gelde:** R430 per vak

## DRAMA

**Beroep(e):** Akteur

**Persoonlike vereistes:** Selfvertroue, vermoë om persoonlikheid en emosies te projekteer, kreatief en 'n talent vir tale

**Aard van werk:** Tree op die verhoog op en raak betrokke by film-, televisie- en radioproduksies

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Drama

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit ('n LG-vak is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrig-program vereis word nie)

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool)

**Keuring:** Oudisie (monoloog/gedig)

**Gelde:** R4060 p.j.

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Drama

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG. Die vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Keuring:** Oudisie

**Gelde:** Eerste jaar: 4 vakke @ R258 per vak en 1 vak @ R408; tweede jaar: 5 vakke @ R264 per vak; derde jaar: 5 vakke @ R272 per vak

## DRIE-DIMENSIONELE ONTWERP/NYWERHEIDSONTWERP

**Beroep(e):** Nywerheidsontwerper

**Persoonlike vereistes:** Moet kreatief, dog prakties wees en moet goeie sketse en

modelle kan maak. 'n Goeie kennis van verskillende materiale en vervaardigingsmetodes, sowel as bemerking en verkope, is ook nodig

**Aard van werk:** Ontwerp produkte soos bv. ketels, motors, professionele toerusting, meubelvervaardigingsmasjinerie, televisiestelle, ens. sodat dit vir die verbruiker funksioneel en veilig en esteties aanvaarbaar sal wees

**Waar:** Kaapse Technikon

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Drie-dimensionele Ontwerp

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met ses vakke (slegs SG- of HG-vakke)

**Vakke vereis:** Eerste Taal HG en Tweede Taal SG

**Keuring:** 'n Portefeuje van kreatiewe werk bestaande uit 'n potloodtekening van twee mensgemaakte voorwerpe, 'n kleurkomposisie van die letters in u naam, 'n volledige studie van die geklede mensfiguur, 'n tekening van 'n binneruimte, 'n kartonmodel van 'n stoel, 'n ontwerp van 'n werkstasie en addisionele werke wat u as toepaslik beskou (besonderhede vanaf die Skool vir Ontwerp by die Technikon verkrygbaar)

**Gelde:** Eerste jaar: R3850; tweede jaar: R3950 en derde jaar: R3990

**Waar:** Technikon Witwatersrand

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Drie-dimensionele Ontwerp

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke aanbeveel:** Kuns, Natuur- en Skeikunde, Technika, Tegnieke Tekene, Houtwerk, Metaalwerk of Rekenaarwetenskap

**Bykomende vereistes:** Werkservaring word sterk aanbeveel

**Keuring:** Toelatingseksamen en voorlegging van 'n portefeuje

**Nota:** Hierdie kursus is 'n voorbereidende

program vir die NHD: Nywerheidsontwerp  
**Gelde:** 6 vakke @ ongeveer R480 per vak

## **DRUKKERYBESTUUR**

**Beroep(e):** Drukkerybestuurder  
**Persoonlike vereistes:** Selfgedisiplineerd, verantwoordelik, ambisieus, positief en geniet dit om met mense te werk  
**Aard van werk:** Verantwoordelik vir die organisering en beheer van 'n drukkery in die drukkery- en koerantbedryf. Die drukkerybestuurder identifiseer, ondersoek en maak aanbevelings oor tekortkominge aangaande drukkery, drukkerysisteme en bestuursprosedures

**Waar:** Kaapse Technikon  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Drukkerybestuur**  
**Duur:** 3 jaar deelyds  
**Toetreekwilifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n D-gemiddeld (ses vakke op HG en/of SG) of senior studente met ervaring in die drukkerybedryf  
**Vakke vereis:** Eerste Taal HG en Tweede Taal SG  
**Vakke aanbeveel:** Wiskunde, Rekeningkunde en 'n natuurwetenskapvak  
**Bykomende vereistes:** Ondervinding in die industrie word sterk aanbeveel  
**Keuring:** Psigometriese toetsing en/of aanlegtoetse en/of 'n persoonlike onderhoud  
**Gelde:** Ongeveer R3000 - R6000 p.j.

**Waar:** Technikon SA  
Afrikaans- en Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Drukkerybestuur**  
Korrespondensie-kursus;  
**Duur:** 3 jaar  
**Toetreekwilifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier vakke op SG of HG (die amptelike tale mag nie op LG wees nie)  
**Gelde:** R390 per vak

## **EIENDOMSWESE**

**Beroep(e):** Eiendomswaardeerder; Eiendomskonsultant; Eiendomsbemarker  
**Persoonlike vereistes:** Integriteit, eerlikheid, betroubaarheid en goeie menseverhouding  
**Aard van werk:** 'n Waardeerder bepaal die monitêre waarde van eiendom; 'n eiendomskonsultant voorsien kliënte met 'n omvattende opname oor eiendom op die mark en 'n eiendomsbemarker formuleer die mees effektiewe bemarkingsplan

**Waar:** Kaapse Technikon  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Eiendomsweese (Eiendomsbemarking)**  
**Duur:** 4 jaar deelyds  
**Toetreekwilifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n D-simbool gemiddeld (LG-vakke is onaanvaarbaar)  
**Vakke vereis:** Eerste Taal HG en Tweede Taal HG  
**Keuring:** Psigometriese toetsing, aanlegtoetse of 'n persoonlike onderhoud  
**Gelde:** Ongeveer R3000 - R6000 p.j.

**Waar:** Kaapse Technikon  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Eiendomsweese (Eiendomswaardering)**  
**Duur:** 4 jaar deelyds  
**Toetreekwilifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n D-simbool gemiddeld (ses vakke op HG en/of SG)  
**Vakke vereis:** Eerste Taal HG en Tweede Taal HG  
**Keuring:** Psigometriese toetsing en/of aanlegtoetse en/of 'n persoonlike onderhoud  
**Nota:** Aanbieding van kursus is onderworpe aan lewensvatbare studentegetalle  
**Gelde:** Ongeveer R3000 - R6000 p.j.

**Waar:** Technikon Natal  
Afrikaans- of Engelsmedium

## **Nasionale Diploma: Eiendomswese**

**Duur:** 4 jaar deelyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier HG- en/of SG-vakke, amptelike tale ingesluit ('n LG-vak is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrig-program vereis word nie)

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde

**Gelde:** R655 per vak

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans- en Engelsmedium

## **Nasionale Diploma: Eiendomswese**

Korrespondensie-kursus;

**Rigtings:** Eiendomsbemarking; Eiendoms-praktyk; Eiendomswaardering

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier vakke op SG of HG (die amptelike tale mag nie op LG wees nie)

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde, Rekening-kunde, Ekonomie

**Bykomende vereistes:** Vir die studierigting in Eiendomswaardering, moet 'n persoon wat vir registrasie as waardeerder of geassosieerde waardeerder in aanmerking wil kom, 'n kwalifikasie verwerf wat deur die Raad vir Waardeerders voorgeskryf word asook genoegsame praktiese ondervinding in eiendomswaardering opdoen.

**Nota:** Persone wat vir die eerste keer registreer vir hierdie onderrigprogram, moet tegelykertyd by die SA Raad vir Waardeerders registreer as waardeerder-inopleiding. Studente wat vir Inligtingstelsels I registreer, moet toegang tot 'n rekenaar hê (ongeveer 1 uur per week)

**Gelde:** R390 per vak. Eksaminering vir Eiendomswaardering word deur die SA Instituut van Waardeerders teen R171 per eksamen hanteer

## **EKONOMIESE GEOLOGIE**

**Beroep(e):** Geotegnikus (Ekonomies)

**Persoonlike vereistes:** Selfstandig, dinamies, fisies aktief, belangstelling in wetenskap en natuurgeskiedenis

**Aard van werk:** Moet bereid wees om onder alle omstandighede te werk, soos bv. bo- en ondergronds. Bestuur die geologie-afdeling van 'n myn en organiseer prospekterprogramme in die veld

**Waar:** Technikon Witwatersrand

Afrikaans- of Engelsmedium

## **Nasionale Diploma: Ekonomiese Geologie**

**Duur:** 3 jaar voltyds (ervaringsopleiding ingesluit)

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG (E-simbool) of SG (D-simbool)

**Bykomende vereistes:** 'n 'Rooi kaart' van liggaamlike geskiktheid van die Mediese Buro word vereis

**Keuring:** Meriete en onderhoud

**Nota:** 'n Pre-tegnisprogram word aangebied vir persone wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie

**Gelde:** Ongeveer R480 per vak

## **EKSTRAKSIEMETALLURGIE**

**Beroep(e):** Metallurgiese ingenieurstechnikus

**Persoonlike vereistes:** Wiskundige aanleg, 'n belangstelling in natuurwetenskappe, logiese denke, vermoë om probleme op te los en selfdisipline

**Aard van werk:** Onttrekking van metale en minerale uit die grond of ertsmassa op die mees ekonomiese wyse

**Waar:** Technikon Witwatersrand

Afrikaans- of Engelsmedium

## **Nasionale Diploma: Ekstraksiemetallurgie**

**Duur:** 3 jaar voltyds (ervaringsopleiding

ingesluit)

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Natuur- en Skeikunde en Wiskunde HG (D-simbool) of SG (C-simbool)

**Bykomende vereistes:** 'n 'Rooi kaart' van liggaamlike geskiktheid van die Mediese Buro word ook vereis

**Keuring:** Meriete en onderhoude

**Nota:** 'n Pre-tegnisiprogram word aangebied vir persone wat nie aan die nodige toelatingsvereistes voldoen nie

**Gelde:** Ongeveer R480 per vak

## ELEKTRIESE INGENIEURS- WESE

**Beroep(e):** Elektriese ingenieurstechnikus

**Persoonlike vereistes:** 'n Belangstelling in natuurwetenskappe, goeie kleuronderskeidingsvermoë, vermoë om probleme op te los, idees in die praktyk toe te pas en onafhanklik te werk

**Aard van werk:** Swakstroom/Elektronika: Take behels die ontwerp en ontwikkeling van nuwe toerusting asook die inbedryfstelling en instandhouding van toerusting. Hierdie tegnisi is gemoeid in rigtings soos telekommunikasie, radio en televisie, radar, rekenaar, elektroniese beheerstelsels ens. Sterkstroom: Die werksaamhede van die sterkstroomtegnikus het te doen met die opwekking en verspreiding van elektrisiteit. Hulle werk behels die ontwerp, ontwikkeling en oprigting van toerusting asook instandhouding en herstel

**Waar:** Kaapse Technikon

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Elektriese Ingenieurswese

**Duur:** 3 jaar voltyds: 2 jaar formele opleiding en 1 jaar ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat (met ses vakke op HG en/of SG) sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Afrikaans en Engels: Eerste

Taal HG en Tweede Taal SG. Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG (E-simbool) of SG (D-simbool) OF N4-Wiskunde en 'n ander verwante ingenieursvak soos N4-Elektrotegniek, N4-Digitale Elektronika of N4-Ingenieurswetenskap met 'n kursuspunt van ten minste 60%

**Keuring:** Akademiese prestasie. Kandidate word ook aan keuringsprosedures soos bv. psigometriese en aanlegevaluering, taalvaardigheidstoetse, ens., onderwerp  
**Gelde:** Ongeveer R3000 - R6000 p.j.

**Waar:** M.L. Sultan Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Elektriese Ingenieurswese

**Duur:** 3 jaar voltyds: 2 jaar formele opleiding en 1 jaar ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met vakke op HG of SG

**Vakke vereis:** Wiskunde HG, Engels Eerste Taal en Natuur- en Skeikunde of Fisika

**Keuring:** Meriete

**Gelde:** R3720 p.j.

**Waar:** Mangosuthu Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Elektriese Ingenieurswese

**Duur:** 4 semesters formele opleiding en 2 semesters ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating OF N3

**Vakke vereis:** Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Engels

**Keuring:** Kandidate word gekeur

**Nota:** Kandidate moet gewoonlike eers die Pre-tegniese kursus voltooi om vir vlak I te registreer

**Gelde:** R1960 per semester

**Waar:** Port Elizabethse Technikon  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Elektriese Ingenieurswese



**Duur:** 3 jaar voltyds: 24 maande formele opleiding en 12 maande toepaslike ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating sonder enige LG-vakke of 'n N3-sertifikaat met vier vakke plus albei amptelike tale

**Vakke vereis:** Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) en 'n goeie slaagpunt in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde of Fisika vir Senior Sertifikaat. N3-sertifikaat: Wiskunde en Ingenieurswetenskap (C-simbool) asook albei amptelike tale op Senior Sertifikaatvlak

**Keuring:** Akademiese prestasie

**Gelde:** R190 - R470 per vak

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Elektriese Ingenieurswese: Sterkstroom**

**Duur:** 3 jaar voltyds: 2 jaar formele opleiding en 1 jaar ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van 4 vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit. Vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool) asook goeie punte in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde

**Gelde:** R2617 per semester (R607 per vak)

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese**

**Rigtings:** Radio Kommunikasie; Proses Instrumentasie en Kontrole

**Duur:** 3 jaar voltyds: 2 jaar formele opleiding en 1 jaar ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van vier vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit. Vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die on-

derrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool) en goeie punte in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde

**Gelde:** R2640 per semester (R615 per vak)

**Waar:** Technikon Noord-Transvaal  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese**

**Rigtings:** Elektroniese Kommunikasie; Sterkstroom; Proses Instrumentasie

**Duur:** 6 semesters voltyds: 4 semesters formele opleiding en 2 semesters ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (C-simbool gemiddeld) OF suksesvolle voltooiing van die Potentiality Development Programme OF N4 met ten minste 5 toepaslike vakke

**Vakke vereis:** Senior Sertifikaat: Wiskunde (C-simbool), Natuur- en Skeikunde en Engels. N4: Wiskunde (60%) en Engels  
**Keuring:** Aanlegtoetse

**Nota:** Die Potentiality Development Programme is beskikbaar vir studente wie se matrieksimbole nie aan die vereiste standaard voldoen nie. 'n Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n HG-slaagpunt of 'n E-simbool in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde en 'n slaagpunt in Engels, word vir toelating tot die program vereis. 1993-inligting

**Gelde:** 1994: R360 per vak per semester

**Waar:** Technikon OVS

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese**

**Rigtings:** Sterkstroom; Swakstroom

**Duur:** 3 jaar: 24 maande formele opleiding en 12 maande toepaslike ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van 5 vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit. 'n Vak op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrig-

program vereis word nie

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG of SG

**Keuring:** Akademiese prestasie en persoonlike onderhoud indien nodig

**Gelde:** R160 - R315 per vak

**Waar:** Technikon Pretoria; Technikon Pretoria (Kwamhlanga-kampus); Technikon Pretoria (Nelspruit-kampus); Technikon Pretoria (Witbank-kampus)

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese**

**Rigtings:** Digitale Tegnologie; Drywingsingenieurswese; Kliniese en Analoogingenieurswese; Prosesinstrumentasie en Beheer; Avionika; Hoëfrekwensietegnologie

**Duur:** 3 jaar voltyds: 24 maande formele opleiding en 12 maande toepaslike indiensopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG. Die vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG (E-simbool) of SG (D-simbool). Vir die studierigting Avionika word Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG (D-simbool) of SG (C-simbool) vereis

**Keuring:** Akademiese prestasie

**Gelde:** Ongeveer R224 - R484 per vak

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese: Elektronika en Elektroniese Kommunikasie**

Korrespondensie-kursus;

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG (die twee amptelike tale mag nie op LG wees nie) OF N3 met minstens vier N3-vakke met 'n minimumpunt van 50%

**Vakke vereis:** Senior Sertifikaat: Wis-

kunde en Natuur- en Skeikunde HG of SG en ten minste twee tale op HG of SG. N3: Wiskunde N3 en Ingenieurswetenskap N3 en ten minste twee tale op HG of SG

**Bykomende vereistes:** Studente moet in 'n ingenieursverwante beroep staan

**Nota:** NB: Hierdie kursus sal moontlik in 1994 aangebied word, onderhewig aan goedkeuring

**Gelde:** R430 per vak

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese: Sterkstroom**

Korrespondensie-kursus;

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG (die twee amptelike tale mag nie op LG wees nie) OF N3 met minstens vier N3-vakke met 'n minimumpunt van 50%

**Vakke vereis:** Senior Sertifikaat: Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG of SG en ten minste twee tale op HG of SG. N3: Wiskunde N3 en Ingenieurswetenskap N3 en ten minste twee tale op HG of SG

**Bykomende vereistes:** Studente moet in 'n ingenieursverwante beroep staan

**Nota:** NB: Hierdie kursus sal moontlik in 1994 aangebied word, onderhewig aan goedkeuring

**Gelde:** R430 per vak

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Ingenieurswese: Prosesinstrumentasie**

Korrespondensie-kursus;

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee vakke op LG (die twee amptelike tale mag nie op LG wees nie) OF N3 met minstens vier N3-vakke met 'n minimumpunt van 50%

**Vakke vereis:** Senior Sertifikaat: Wiskunde en Natuur- en Skeikunde HG of SG

en ten minste twee tale op HG of SG. N3:  
Wiskunde N3 en Ingenieurswetenskap N3  
en ten minste twee tale op HG of SG  
**Bykomende vereistes:** Studente moet in 'n  
ingenieursverwante beroep staan  
**Nota:** NB: Hierdie kursus sal moontlik in  
1994 aangebied word, onderhewig aan  
goedkeuring  
**Gelde:** R430 per vak

**Waar:** Technikon Skiereiland  
Engels- of Afrikaansmedium  
**Nasionale Diploma: Elektriese Inge-  
nieurswese**  
**Rigtings:** Swakstroom; Sterkstroom  
**Duur:** 3 jaar voltyds: 24 maande formele  
opleiding en 12 maande toepaslike indiens-  
opleiding  
**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating of N3  
**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en  
Skeikunde HG (E-simbool) of SG (D-  
simbool) vir Senior Sertifikaat. Ingenieurs-  
wetenskap N4 en Wiskunde N4 (C-sim-  
bool) asook beide amptelike tale word  
vereis vir N3  
**Keuring:** Akademiese prestasie en aanleg-  
toets  
**Gelde:** Ongeveer R161 - R310 per vak

**Waar:** Technikon Witwatersrand  
Afrikaans- of Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Elektriese Inge-  
nieurswese**  
**Duur:** 3 jaar voltyds  
**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating  
**Vakke vereis:** Eerste Taal HG (E-sim-  
bool), Tweede Taal SG (D-simbool), Wis-  
kunde en Natuur- en Skeikunde HG (E-  
simbool) of SG (D-simbool)  
**Keuring:** Keuringstoets en persoonlike  
onderhoud  
**Gelde:** Ongeveer R760 per vak p.j. of  
ongeveer R380 per vak per semester

**Waar:** Transkei Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Elektriese Inge-  
nieurswese**  
**Duur:** 3 jaar voltyds (6 maande ervarings-  
opleiding ingesluit)  
**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating  
**Keuring:** Kandidate word gekeur  
**Gelde:** R3950 p.j.

**Waar:** Vaaldriehoekse Technikon  
Afrikaans- en Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Elektriese Inge-  
nieurswese**  
**Rigtings:** Elektronika; Elektroniese Kom-  
munikasie; Instrumentasie; Swaarstroom  
**Duur:** 3 jaar voltyds  
**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat  
sonder universiteitstoelating met 'n mini-  
mum van 4 vakke op HG of SG (amptelike  
tale ingesluit) of N3 met 4 vakke (50%)  
asook beide amptelike tale op Senior Ser-  
tificaatvlak  
**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en  
Skeikunde HG of SG  
**Keuring:** Puntestelsel  
**Gelde:** Eerste semester: R2215; tweede  
semester: R1895; derde semester: R2089;  
vierde semester: R2115

## **FARMASEUTIESE BEMAR- KING**

**Beroep(e):** Mediese verteenwoordiger  
**Persoonlike vereistes:** Selfstandigheid,  
gesonde interpersoonlike verhoudinge en  
die vermoë om natuurwetenskaplike data te  
kan oordra  
**Aard van werk:** Stel bestaande en nuwe  
geneesmiddels bekend aan die professies  
wat geneesmiddels gebruik en bespreek die  
kliniese gebruik, dosering en farmakologie  
van die geneesmiddels met medici en  
aptekers

**Waar:** Technikon SA  
Afrikaans- en Engelsmedium  
**Nasionale Diploma: Farmaseutiese Be-  
marking**  
Korrespondensie-kursus;

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier vakke op SG of HG (die amptelike tale mag nie op LG wees nie)

**Gelde:** R390 per vak

## **FILM- EN VIDEOTEKNOLOGIE**

**Beroep(e):** Rolprent- en televisieregisseur; Film- en videoredigeerder; Draaiboekskrywer; Filmmaker

**Persoonlike vereistes:** Vermoë om hard te werk, met verskillende tipes mense oor die weg te kom en baie frustrasie en spanning te hanteer

**Aard van werk:** 'n Film of video word vervaardig met die oog op vermaak, opvoedkunde, opleiding of inligting en is die gemeenskaplike produk van verskeie kunstenaars, die regisseur, die redakteur, draaiboekskrywer en produksieleier

**Waar:** Technikon Pretoria  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Film- en Videotegnologie

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van 2 vakke op LG. Vakke op LG is slegs aanvaarbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Afrikaans en Engels HG, verkieslik 'n C-simbool

**Vakke aanbeveel:** Kuns, 'n praktiese vak en 'n ekonomie-vak

**Keuring:** 'n Geskrewe toets en 'n persoonlike onderhoud indien nodig

**Gelde:** Eerste jaar: R474 - R2650 per vak; tweede jaar: R540 - R2790 per vak; derde jaar: R100 - R570 vir prakties

## **FINANSIËLE INLIGTINGSTELSELS**

**Beroep(e):** Finansiële inligtingstelselontleder; Koste-ontleder; Finansiële rekenmeester

**Persoonlike vereistes:** 'n Belangstelling in die besigheidswêreld, vermoë om probleme logies te analiseer, by veranderde omstandighede aan te pas en onder druk te werk

**Aard van werk:** Persone met 'n sterk finansiële of rekeningkundige agtergrond moet instaat wees om hanteerbare inligtingstelsels te ontwikkel en te bedryf om sodoende te verseker dat die firma se bestuurs- en rekeningkundige inligtingstelsels doeltreffend saam werk

**Waar:** Kaapse Technikon

Engels- en Afrikaansmedium

**Nasionale Diploma:** Finansiële Inligtingstelsels

**Duur:** 3 jaar voltyds of 4 jaar deelyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met ses vakke

op HG of SG en 'n D-simbool gemiddeld

**Vakke vereis:** Eerste en Tweede Taal HG en Rekeningkunde

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde

**Keuring:** 'n Aanleg- en numeriese toets

**Gelde:** Ongeveer R3000 - R6000 p.j.

**Waar:** M.L. Sultan Technikon

Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Finansiële Inligtingstelsels

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (slegs HG- of SG-vakke)

**Vakke vereis:** Rekeningkunde HG (E-simbool) of SG (D-simbool) en 'n slaagpunt in Wiskunde, Engels en Afrikaans

**Keuring:** 'n Aanlegtoets

**Gelde:** R2475 p.j.

**Waar:** Port Elizabethse Technikon

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Finansiële Inligtingstelsels

**Duur:** 3 jaar voltyds of 4 jaar deelyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (slegs HG of SG vakke) met minstens 'n E-simbool

gemiddeld

**Vakke vereis:** Eerste en Tweede Taal en Wiskunde

**Vakke aanbeveel:** Rekeningkunde

**Keuring:** Akademiese prestasie

**Gelde:** R580 - R840 per vak

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Finansiële Inligtingstelsels**

**Duur:** 3 jaar (slegs by die Pietermaritzburgkampus)

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van 2 vakke op LG, amptelike tale uitgesluit. Die LG-vakke mag nie 'n ver-eiste vir die voornemende studierigting wees nie

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool)

**Gelde:** Ongeveer R4680 p.j. of R1105 per vak

**Waar:** Technikon OVS

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Finansiële Inligtingstelsels**

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van 5 vakke op HG of SG, wat die amptelike tale insluit. 'n Vak op LG is slegs aanvaarbaar indien dit nie 'n vereiste vir die onderrigprogram is nie

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde en/of Rekeningkunde

**Keuring:** Akademiese prestasie

**Gelde:** R485 per vak

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Finansiële Inligtingstelsels**

**Duur:** 3 jaar voltyds of 4 jaar deelyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met minstens 4 vakke op HG of SG. Vakke op LG is

slegs aanvaarbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Wiskunde en Rekeningkunde HG (D-simbool) of SG (C-simbool)

**Keuring:** Admission subject to selection

**Gelde:** Eerste jaar voltyds R642 - R758 en deelyds R642 per vak; tweede jaar voltyds R660 - R778 en deelyds R642 - R758 per vak; derde jaar voltyds R678 - R796 en deelyds R660 - R778 per vak; vierde jaar deelyds R678 - R796 per vak

**Waar:** Transkei Technikon

Engels

**Nasionale Diploma: Finansiële Inligtingstelsels**

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Keuring:** Toelating aan keuring onderworpe

**Gelde:** R3650 p.j.

**Waar:** Vaaldriehoekse Technikon

Engels en Afrikaansmedium

**Nasionale Diploma: Finansiële Inligtingstelsels**

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met minstens 4 vakke op HG of SG of op N3-vlak

**Vakke vereis:** Albei amptelike tale op HG of SG

**Keuring:** Puntestelsel en moontlike plasingstoets

**Gelde:** Eerste jaar: R3167; tweede jaar: R2614; derde jaar: R2856

## FOTOGRAFIE

**Beroep(e):** Fotograaf

**Persoonlike vereistes:** Kunstig, goeie sig en vermoë om vinnig te reageer

**Aard van werk:** Neem en ontwikkel foto's deur die gebruik van grafiese ontwerp en beeldkomposisie m.b.v. gesofistikeerde optiese, elektroniese en chemiese metodes, totdat die gewenste kwaliteit verkry word. Spesialisering mag na jare van ondervin-

ding volg

**Waar:** Port Elizabethse Technikon  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Fotografie**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Natuur- en Skeikunde  
**Bykomende vereistes:** 'n Onderhoud, 'n portefeulje van werk en/of eksaminering mag moontlik nodig wees

**Gelde:** R240 - R1020 per vak

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Fotografie**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van vier vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit ('n LG-vak is slegs aanvaarbaar indien dit nie in die onder-  
rigprogram vereis word nie)

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool)

**Keuring:** Profieltoets, 'n persoonlike onderhoud en 'n klein portefeulje

**Gelde:** Eerste jaar: R4800; tweede jaar: R4860 en derde jaar: R4880

**Waar:** Technikon OVS

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Fotografie**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 5 vakke op HG en/of SG ('n LG-vak is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrig-  
program vereis word nie of nie een van die amptelike tale is nie)

**Vakke vereis:** Eerste Taal en Tweede Taal HG of SG

**Keuring:** 20 punte op die evalueringskaal; akademiese prestasie, aanleg en persoonlik-

heidseienskappe

**Gelde:** R575 per vak

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Fotografie**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating ('n maksimum van 2 vakke op LG - slegs aanvaarbaar indien dit nie in die program van studie vereis word nie)

**Keuring:** Persoonlike onderhoud en 'n portefeulje met foto's

**Gelde:** Eerste jaar: R514 - R1442 per vak; tweede jaar: R488 - R1860 per vak en derde jaar: R502 - R1378 per vak

**Waar:** Technikon Skiereiland

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Fotografie**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Afrikaans en Engels (een van die twee vakke moet op HG wees)

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Kuns of Bedryfseksonomie

**Bykomende vereistes:** 'n Goeie kamera en fotografiese benodighede

**Keuring:** 'n Persoonlike onderhoud

**Gelde:** Ongeveer R461 per vak p.j.

**Waar:** Vaaldrhoekse Technikon

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma in Fotografie**

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met ten minste 4 vakke op HG of SG en wat die twee amptelike tale insluit

**Vakke aanbeveel:** Afrikaans, Engels, Derde taal, Kuns, Natuur- en Skeikunde en Wiskunde

**Keuring:** Die Sweedse Telskaal, 'n moontlike onderhoud en 'n portefeulje van werk

**Gelde:** Eerste jaar: R3462; tweede jaar: R3151 en derde jaar: R2834

## GEMEENSKAPSVOORLICHTING

**Waar:** Mangosuthu Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Gemeenskapsvoorlichting**

**Duur:** 3 jaar (ervaringsopleiding ingesluit)

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Engels HG (E-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Huishoudkunde, Biologie en/of Landbouwetenskap

**Keuring:** Kandidate word gekeur

**Gelde:** R1845 per semester

## GEOKTROOIEERDE SEKRETARISSE EN ADMINISTRATEURS

**Beroep(e):** Geoktrooieerde sekretaris;  
Geoktrooieerde administrateur

**Persoonlike vereistes:** Syfervaardigheid, objektiewe denke, analitiese vermoëns en sensitiwiteit t.o.v. 'n veranderde besigheidsomgewing

**Aard van werk:** Handhawing van effektiwiteit in 'n veranderde omgewing en die vermoë om op die voerpunt van verandering te bly deur te verseker dat die maatskappy wettig saamgestel, ekonomies vatbaar en georganiseerd is om maksimum produktiwiteit te verkry

**Waar:** Technikon Natal  
Afrikaans- of Engelsmedium

**Instituut van Geoktrooieerde Sekretarisse en Administrateurs**

**Duur:** 3 jaar voltyds of 4 jaar deelyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van 4 vakke op HG en/of SG, amptelike tale ingesluit. Vakke op LG is slegs toelaatbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels

Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool). Wiskunde HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Rekeningkunde HG (D-simbool) of SG (C-simbool)

**Nota:** Kandidate wat nie aan die minimum toetree kwalifikasies voldoen nie, maar wat aan al die vereistes van GIS voldoen, kan hulle aansoek aan die departementele komitee voorlê vir oorweging

**Gelde:** Voltyds: R3910 p.j. (R910 per vak); deelyds: R610 per vak

## GEOTEGNOLOGIE

**Beroep(e):** Geotegnoloog

**Persoonlike vereistes:** 'n Liefde vir die natuur en buitelewe, prakties, opletend en die vermoë om figure drie-dimensioneel te teken

**Aard van werk:** Doen geologiese en geofisiese opnames in die soeke na nuwe minerale en myn minerale neerslae

**Waar:** Technikon Pretoria  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Geotegnologie**

**Duur:** 3 jaar: 5 semesters formele opleiding en 1 semester ervaringsopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee LG-vakke. Vakke op LG is slegs aanvaarbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Vakke vereis:** Wiskunde en Natuur- en Skeikunde

**Keuring:** Toelating aan keuring onderworpe

**Gelde:** Eerste semester: R412 - R692 per vak; tweede semester: R450 per vak; derde en vierde semester: R464 per vak; vyfde semester: R100 vir ervaringsonderrig; sesde semester: R474 per vak

## GERAASBEHEER

**Waar:** Technikon SA  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Sertifikaat: Geraasbeheer**

Korrespondensie-kursus;  
**Duur:** 1 jaar (met praktiese sessies)  
**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (maksimum van twee LG-vakke) met minstens 2 jaar toepaslike ondervinding of 'n kwalifikasie in Openbare Gesondheid  
**Gelde:** R390 per vak

## **GESONDHEIDSDIENSADMINISTRASIE**

**Beroep(e):** Gesondheidsdiensadministrasie-beampte

**Persoonlike vereistes:** Goeie selfdissipline en die vermoë om effektief te kommunikeer

**Aard van werk:** Werk met mense en lewer 'n bydrae t.o.v. die verbetering van algemene gesondheid

**Waar:** Mangosuthu Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Gesondheidsdiensadministrasie

**Duur:** 3 jaar: 18 maande formele opleiding en 18 maande indiensopleiding

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met minstens 5 vakke op HG of SG

**Vakke vereis:** Engels HG (E-simbool)

**Bykomende vereistes:** 'n Voornemende student moet in diens van 'n hospitaal of die gesondheidsafdeling van 'n staatsdepartement wees voor toelating tot die kursus  
**Keuring:** Toelating aan keuring onderworpe

**Gelde:** R1430 per semester of R520 per vak

## **GRAFIESE ONTWERP**

**Beroep(e):** Grafiese ontwerper

**Persoonlike vereistes:** Kunstig, wel ter tale, goeie perseptuele vermoëns en die vermoë om visuele konsepte prakties weer te gee

**Aard van werk:** Die hooffunksie is om inligting te verskaf en 'n identiteit vir 'n sekere produk of idee in die media te skep

en die mark te oortuig om dit te koop. Die ontwerper moet binne sekere finansiële beperkinge bly

**Waar:** Border Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Grafiese Ontwerp

**Duur:** 3 jaar, ervaringsopleiding ingesluit

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke aanbeveel:** Tale en Kuns

**Keuring:** Portefeulje van werk en persoonlike onderhoud

**Nota:** 1993-inligting

**Waar:** Kaapse Technikon  
Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Grafiese Ontwerp

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met ses vakke op HG of SG. Funksionele vakke is nie aanvaarbaar nie

**Vakke vereis:** Eerste Taal HG en Tweede Taal SG

**Keuring:** Portefeulje van geskrewe en praktiese werk. 'n Taalvaardigheidstoets moet geslaag word indien daar nie aan die taalvereistes voldoen word nie

**Gelde:** Eerste jaar: R3840; tweede en derde jaar: R3930 p.j.

**Waar:** M.L. Sultan Technikon  
Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Grafiese Ontwerp

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (slegs HG- of SG-vakke)

**Keuring:** Akademiese prestasie, aanletoets en persoonlike onderhoud

**Gelde:** R2960 p.j.

**Waar:** Port Elizabethse Technikon  
Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma:** Grafiese Ontwerp

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat



sonder universiteitstoelating (slegs HG of SG vakke)

**Vakke vereis:** Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Een hoërgraadvak bv. Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis of Kunstgeskiedenis

**Keuring:** Moontlike persoonlike onderhoud en voorlegging van portefeulje van werk

**Nota:** Kuns as skoolvak is nie 'n vereiste nie

**Gelde:** R720 - R870 per vak

**Waar:** Technikon Natal

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (maksimum van twee LG-vakke, amptelike tale uitgesluit en slegs aanvaarbaar indien dit nie 'n vereiste vir die onderrigprogram is nie)

**Vakke vereis:** Engels Eerste Taal HG (E-simbool) of SG (D-simbool) of Engels Tweede Taal HG (C-simbool) of SG (B-simbool)

**Vakke aanbeveel:** Kuns en Tegnie se Tekene

**Keuring:** 'n Toelatingstoets en/of portefeulje

**Gelde:** R5680 p.j. of R1355 per vak

**Waar:** Technikon OVS

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n minimum van 5 vakke op HG of SG, wat die amptelike tale insluit. 'n Vak op LG is slegs aanvaarbaar indien dit nie 'n vereiste vir die onderrigprogram is nie

**Keuring:** Akademiese prestasie, aanleg en belangstelling in kuns

**Gelde:** Eerste jaar: R450 per vak; tweede en derde jaar: R500 per vak

**Waar:** Technikon Pretoria

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met 'n maksimum van twee LG-vakke. Vakke op LG is slegs aanvaarbaar indien dit nie in die onderrigprogram vereis word nie

**Keuring:** Toelating aan keuring onderworpe

**Gelde:** Eerste jaar: R474 - R790 per vak; tweede jaar: R488 - R638 per vak; derde jaar: R502 - R632 per vak

**Waar:** Technikon Skiereiland

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke vereis:** Afrikaans en Engels (een van die twee vakke moet op HG wees)

**Keuring:** Toelatingseksamen en persoonlike onderhoud

**Gelde:** Ongeveer R393 per vak

**Waar:** Technikon Witwatersrand

Afrikaans- of Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke aanbeveel:** Kuns, Kunstgeskiedenis, Tale en Geskiedenis

**Keuring:** Verpligte, voorgeskrewe portefeulje van werk

**Gelde:** Ongeveer R480 per vak

**Waar:** Vaaldriehoekse Technikon

Afrikaans- en Engelsmedium

**Nasionale Diploma: Grafiese Ontwerp**

**Duur:** 3 jaar

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating met minstens 4 vakke op HG of SG of op N3-vlak

**Vakke vereis:** Albei amptelike tale HG of SG. 'n Ander taal mag Afrikaans of Engels

vervang

**Keuring:** Puntestelsel, maandelike persoonlike onderhoud en 'n portefeulje van kunswerke indien van toepassing

**Gelde:** Eerste jaar: R3283 p.j.; tweede jaar: R3053 p.j.; derde jaar: R4231 p.j.

## HANDELSREKENARISERING

**Beroep(e):** Sekretaresse; Persoonlike assistent; Administratiewe beampte; Kantoor-toesighouer

**Persoonlike vereistes:** Georganiseerd, selfgemotiveerd, mensgeoriënteerd, hardwerkend, vermoë om vertroulikheid te handhaaf en besluite te implementeer

**Aard van werk:** Maak gebruik van 'n wye verskeidenheid elektroniese kantoortoerusting om die doeltreffende bestuur van 'n kantoor te verseker

**Waar:** Border Technikon

Engels medium

**Nasionale Diploma: Handelsrekenarising**

**Duur:** 3 jaar voltyds

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating

**Vakke aanbeveel:** Tik, Rekeningkunde

**Keuring:** Akademiese meriete

**Nota:** 'n Voltydse, eenjarige 'Pre-Secretarial' kursus, wat toegang tot hierdie Diploma verleen, mag gevolg word indien die student se kwalifikasies nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie

**Gelde:** 1993: Eerste en tweede jaar: R2350 p.j.; derde jaar: R2040

## HOËR SERTIFIKAATPROGRAM

**Waar:** Technikon SA

Afrikaans- en Engelsmedium

**Hoër Sertifikaatprogram**

Korrespondensie-kursus

**Rigtings:** Munisipale Administrasie; Openbarebestuur & Administrasie; Plaaslike Owerheidsfinansies; Tuinbou

**Toetreekwalifikasie:** Senior Sertifikaat sonder universiteitstoelating (met nie meer as twee vakke op die LG nie, amptelike tale uitgesluit)

**Nota:** Hierdie programme is slegs vir NUWE studente bedoel en nie vir bestaande diplomastudente nie. Studente wat nog nie sekerheid het oor hulle studierigting nie, kan nou vakke vanuit verskillende diplomas kies en na selfevaluering van hul vordering, 'n rigting kies met behoud van toepaslike vakke reeds geslaag. Die kursusse dien as 'n toetreeroete tot 'n nasionale diploma, met volwaardige vakkrediete  
**Gelde:** R390 per vak

## HOMEOPATIE

**Beroep(e):** Homeopaat-in-opleiding

**Persoonlike vereistes:** Verantwoordelik, emosioneel stabiel, simpatiek en taktvol

